# IDEE, NARRATIEF EN DISKOERS: DIE VROEë INTELLEKTUELE VORMING VAN F.A. VAN JAARSVELD 1922-1950.[1]

**Johann W.N. Tempelhoff**
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van die Noorde*
*Privaatsak X1106*
*0727 Sovenga*

*Die geschichtliche Wirklichkeit erreicht man nicht wie die Natur, indem man sich erst ihrer Erscheinungen versichert und dann zu Verbindungen zwischen ihnen übergeht... Sie ist vielmehr das Produkt einer Auseinandersetzung, einer nie abgeschlossenen, prinzipiell unvollendbaren Auseinandersetzung zwischen dem Wollen einer Gegenwart und dem Material der Ueberlieferung.*
Helmuth Plessner.[2]

**Idea, narrative and discourse: early intellectual forming of F.A. van Jaarsveld, 1922-1950**

Prof. F.A. van Jaarsveld (1922-1995) is considered as one of the most important historians of South Africa in the twentieth century. In the article an attempt is made at an investigation into the intellectual development he underwent in the first 28 years of his life. As a young boy on the Eastern Transvaal Highveld he attended a farm school before entering the prestigous Hoër Volksskool Heidelberg as a boarding student. Here he was influenced by a number of educational and cultural leaders, such as S. Eyssen and J.C. Otto.

At the University of Pretoria (1941-1945) he was exposed to a number of leading academics. It was here that he experienced a learning curve that formed the basis for his formal training as an historian. Towards the end of 1947 F.A. van Jaarsveld left for Europe where he studied in the Netherlands for about three years under, amongst others, P.J. van Winter, H. Plessner and J. Romein. The completion of his doctoral dissertation in history at the University of Groningen at the age of 28 years, rounded off the first phase in his development.

The brief study is an attempt to give a discursive narrative impression of a complex, but highly productive historian, who over a period of half a century (1945-1995) asserted a marked influence on the the discipline of history in South Africa.

Prof. F.A. van Jaarsveld (1922-1995) word alom gereken as een van die grootste geskiedskrywers van Suid-Afrika in die twintigste eeu. In die

*Historia 40(1), Mei 1995*

1 Skrywer is dank verskuldig aan: Die Universiteit van die Noorde wat op kort kennisgewing die geleentheid vir navorsing oor prof. F.A. van Jaarsveld geskep het; Personeel van die Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria, wat die dokumentasie oor prof. Van Jaarsveld beskikbaar gestel het, nog lank voordat die ordenning afgehandel was; Mev. H. van Jaarsveld, dr. Maria Hugo en prof. P.S. Dreyer wat onderhoude toegestaan het. Dankie ook aan Albert van Jaarsveld vir sy insette.

2 H. Plessner, "Zum gegenwärtigen Stand der Frage nach der Objektivität historischer Erkenntnis" in J.N. Bakhuizen, S.F.H.J. Berkelbach (e.a.), *Geschiedenis: Een bundel studies over den zin der geschiedenis*, Van Gorcum, Assen, 1954, pp. 289-290.

artikel word gepoog om ondersoek in te stel na die intellektuele vormingsproses wat hy gedurende sy eerste 28 lewensjare deurgemaak het. Hy het as jong seun op die Oos-Transvaalse Hoëveld 'n plaasskool bygewoon voordat hy na die hoogs gerespekteerde Hoër Volksskool op Heidelberg as koshuisleerling gegaan het. Hier het hy onder die invloed van bepaalde onderwys- en kultuurleiers, soos S. Eyssen en J.C. Otto, gekom.

Aan die Universiteit van Pretoria (1941-1946) het hy te midde van 'n blootstelling aan 'n verskeidenheid vooraanstaande akademici 'n leerkurwe deurgemaak wat 'n bepalende invloed op sy ontwikkeling uitgeoefen het. Aan die einde van 1947 is F.A. van Jaarsveld na Europa waar hy oor 'n tydperk van sowat drie jaar in Nederland aan die voete van onder meer P.J. van Winter, H. Plessner en J. Romein gesit het. Die afhandeling van sy doktorale proefskrif in geskiedenis aan die Universiteit van Groningen op 28-jarige ouderdom rond die eerste fase in die ontwikkeling van dié historikus af.

Daar word gepoog om in die konteks van 'n diskursiewe narratief 'n indruk te gee van hierdie komplekse, maar hoogs produktiewe historikus, wat oor 'n tydperk van 'n halfeeu (1945-1995) 'n daadwerklike invloed op die beoefening van die dissipline uitgeoefen het.

Met die heengaan van prof. F.A. van Jaarsveld (1922-1995) het Suid-Afrika, in die woorde van 'n gerespekteerde historikus, sy grootste historikus verloor.[3] Sy omstrede uitsprake oor en interpretasies van die geskiedenis het hom dikwels prominent, en moontlik in die verkeerde lig, op die voorgrond laat tree. Tog sal dit na alle waarskynlikheid die herinnering aan sy sinvolle interpretasies en hoogs kreatiewe omgang met die dissipline wees, wat nog lank onthou sal word. In die bespreking wat volg, word gepoog om by wyse van biografiese narratief 'n indruk te kry van die intellektuele vorming van F.A. van Jaarsveld die historikus.

Die tydperk 1922 tot 1950, te wete die eerste 28 jaar, vanaf sy geboorte tot en met die verkryging van sy doktorsgraad aan die Universiteit van Groningen, word behandel. Dit dek 'n kritieke fase in sy ontwikkeling as historikus. Die doel is nie om 'n analise weer te gee van die persoonlikheidsontwikkeling van die historikus nie, maar veel eerder sekere diskoerse van belewenisse, gebeure, mense en plekke in 'n narratiewe konteks aan te dui, wat moontlik 'n invloed op die vorming van sy denkpatrone en rasionaliteit, alles deel van die intellek, uitgeoefen het. Dit is moontlik 'n vorm van ideëgeskiedenis waaroor Michel Foucault (1926-1984), by geleentheid verklaar het:

> It is not easy to characterise a discipline like the history of ideas: it is an uncertainobject, with badly drawn frontiers, methods borrowed from here and there, and an approach lacking in rigour and stability.[4]

Die beoefening van die dissipline raak nog moeiliker wanneer die fokus val op die wetenskapsbiografie, wat binne die raamwerk van refleksiwiteitsmetodologie lank nie meer as 'n "onskuldige" terrein van navorsing gereken word nie.[5] Laat staan nog die feit dat die onderwerp van studie 'n komplekse en multi-dimensionele persoon soos prof. F.A. van

---

3. B.J. Liebenberg, "Hy was ons grootste geskiedskrywer", *Insig*, Februarie 1995, p. 45.
4. M. Foucault, *The archaeology of knowledge* (Vertaling uit die Frans van *L'archéologie du savoir* deur A.M. Sheridan Smith. Vierde herdruk, Londen, 1994) van p. 136.
5. T. Söderqvist, "Biography or ethnobiography or Both? Embodied reflexivity and the deconstruction of knowledge-power" in F. Steier (red.), *Research and reflexivity*, Sage Publications, Londen, 1991, p. 152.

Jaarsveld is. Dit word egter terselfdertyd 'n uitdaging om die ideëwêreld van F.A. van Jaarsveld te verken. Hy was nie 'n intellektuele na-aper nie, maar eerder 'n ontdekkingsreisiger, wat kennis geneem het, verwerk het en met 'n ontstuitbare werkywer en toewyding vorentoe gebeur het. Hierdie is intellektuele eienskappe wat reeds in die tydperk tot 1950 by F.A. van Jaarsveld, die historikus, aanwesig was.

**Geboorte en vroeë jeug**

Floris Albertus van Jaarsveld is op 5 Junie 1922, enkele maande ná afloop van die Randse mynwerkerstaking op die plaas Rooiwal 295, distrik Heidelberg gebore.[6] Sy ouers, Ernst Jacobus van Jaarsveld en Alida (gebore van Jaarsveld), was deel van 'n geslag Afrikaners wat vanuit 'n negentiende eeuse republikeinse verwysingsraamwerk as boere op die Oos-Transvaalse Hoëveld die grootste deel van hul lewens sou deurbring. Floris was die vyfde van sewe kinders, waarvan twee dogters en vyf seuns was.[7]

Binne die konteks van die gesin het die vader 'n bepalende invloed uitgeoefen. Die tipiese Afrikaanse patriargale gesinsopset[8] het daartoe aanleiding gegee dat sy vader 'n belangrike invloed, veral tot en met die einde van sy voor-hoërskoolse jare in 1936, op hom uitgeoefen het. Ernst Jacobus van Jaarsveld was 'n godsdienstige man met 'n natuurlike nuuskierigheid. Hy het graag sy koerant gelees en het as 'n Sap ('n navolger van generaal Louis Botha se Suid-Afrikaanse Party en later generaal Jan Smuts en generaal J.B.M. Hertzog se Verenigde Party) tot en met die verkiesing van 1948 na die landspolitiek gekyk.[9] Die moeder, Alida van Jaarsveld, was 'n hardwerkende en liefdevolle mens met deernis en begrip vir die lief en leed van 'n ieder en elk.[10]

**Skoolopleiding: Van die platteland na 'n stedelike Afrikaanse milieu**

Sy laerskoolopleiding, in die plaasskool Rietvlei tussen 1929 en 1934, het saamgeval met die depressiejare (1930-1933), 'n era waarin plattelandse Suid-Afrikaners begin het om uit hoofde van ekonomiese druk na die stede te trek.[11] Ná die aflegging van sy standerd ses-eksamen op die dorpie Greylingstad, is Floris vanaf 1937 na die hoërskool op Heidelberg.[12]

Die Hoër Volkskool (Volkies) van Heidelberg was sedert die vroeë dertigerjare een van die toonaangewende kultuursentra in Oos-Transvaal vanwaar die gedagte van 'n nuwe en meer gedetermineerde Afrikanernasionalisme uitgedra is. Toonaangewende leerkragte wat 'n invloed op Floris uitgeoefen het, was onder andere sy geskiedenisonderwyser, mnr.

6. TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK (TA) Aanwins 2055 (Voortaan TA, A2055), Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld. Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 1.

7. F.A. VAN JAARSVELD, *Van Jaarsveld van stamvader Adriaan tot Ernst Jacobus van Jaarsveld 1702-1986: 'n Stukkie familiegeskiedenis van onder*, Pretoria, 1987, p. 6.

8. Kyk G. Cronjé en J.D. Venter, *Die patriargale familie: 'n Kultuursosiologiese studie*, Kaapstad, 1958, pp. 38-64.

9. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, pp. 5, 6, 10-11.

10. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 2; Teks B, pp. 2-3.

11. Vir 'n (moontlik selfdeurleefde) tendensbeskrywing, kyk F.A. Van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle*, Johannesburg, 1982, pp. 135-225.

12. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 12.

(later dr.) J.C. Otto, die skoolhoof mnr. Stephen Eyssen,[13] en mnr. Danie "Kapokkie" Malan, huisvader van Concordia-koshuis. Aan die plaaslike normaalkollege het Floris skakeling gehad met dr. (later professor) C.K. Oberholster, wat eers rektor van die Pretoria se Normaalkollege was voordat hy in die filosofie aan die Universiteit van Pretoria opgegaan het.

Veral mnre J.C. Otto en Stephen Eyssen het 'n groot invloed op hom uitgeoefen. J.C. Otto het vanaf 1937, Van Jaarsveld se eerste jaar op hoërskool, geskiedenis gegee. Hy was ook betrokke by omvangryke kultuur- en kerklike aktiwiteite. Op die terrein van die kultuur was hy vir baie jare as voorsitter verantwoordelik vir die Voorslag Junior-Kultuurbeweging, en as kommandant van die Voortrekkerkommando in Heidelberg, wat in 'n stadium die grootste in Suid-Afrika was.[14] Hy het in 1937 die graad MA in Geskiedenis oor die Sekhukhune-oorlog van 1876 behaal,[15] en in 1948 het hy met 'n studie oor die konsentrasiekampe[16] gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) gedoktoreer. In sy latere leeftyd sou dr. Otto op die raad van die Universtiteit van Pretoria en die stadsraad van Pretoria dien. Hy was ook later Volksraadslid. Stephen Eyssen, die skrywer van Afrikaanse musiek, en nasionalistiese stryder, was gedurende Wêreldoorlog II, as gevolg van sy politieke bedrywighede, deur die Smutsregering op Koffiefontein geïnterneer. Hy het later Volksraadslid vir die kiesafdeling Heidelberg geword.[17]

Floris was 'n geesdriftige deelnemer aan kultuuraktiwiteite op skool. Uit hoofde van 'n diepe godsdienstigheid,[18] was hy by die Christelike Studentevereniging (CSV) betrokke. Hy was by geleentheid voorsitter van die CSV van Concordia-koshuis[19] en ook lid van die VBS Studiebond, 'n kultuurorganisasie met politieke ondertone. Hy het deelgeneem aan toneelopvoerings en was lid van die Voortrekkerbeweging.[20] Opsigself was hierdie aktiwiteite omvangryk, veral as in gedagte gehou word dat die simboliese ossewatrek in 1938 plaasgevind het. Derduisende skoolkinders regoor Suid-Afrika was gedurende die feesjaar betrokke by aktiwiteite wat met die eeufeesviering van die Groot Trek verband gehou het. Hy was hart en siel by die feestelikhede betrokke.[21] Daarby het hy ook rugby gespeel.[22]

---

13. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940) F.A. van Jaasveld - Ouers, Heidelberg, 25.2.1940.
14. G. Stuart-James, *Wie is wie in Pretoria*, Pretoria, 1952, pp. 70-71.
15. Die Sekoekoeni-oorlog tydens die regering van president Burgers, MA, UP, 1937.
16. Die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902). D. Phil, Universiteit van Pretoria, 1948. Die studie is gepubliseer onder die titel: *Die konsentrasiekampe*, Kaapstad, 1954; Kyk C.F.J. Muller, *South African history and historians: A bibliography*, Pretoria, 1979, p. 115.
M. Swart, "Stephen Harry Eyssen" in C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987, pp. 268-270; TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 15.
18. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1939) F.A. van Jaarsveld - Ouers en broers, Heidelberg, 29.5.1939.
19. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 14.
20. TA, A2055, Korrespondensie Vriende 1940-1952. (Vriende 1940), Wil - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 17.4.1940; TA, A2055, Korrespondensie Vriende 1940-1952. (Vriende 1940), L. Jacobs - F.A. van Jaarsveld, Johannesburg, 3.10.1940.
TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1933-38). F.A. van Jaarsveld - Alida van Jaarsveld, Heidelberg, 17.9.1938.
22. TA, A2055, Korrespondensie Vriende 1940-1952. (Vriende 1940), Wil - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 17.4.1940; TA, A2055, Korrespondensie Vriende 1940-1952. (Vriende 1940), L. Jacobs - F.A. van Jaarsveld, Johannesburg, 3.10.1940.

Sosiale aktiwiteite het baie tyd in beslag geneem. Dit het tot nadeel van sy akademie gestrek. By geleentheid het hy verklaar dat hy, met 'n gemiddeld van 64 persent in al sy vakke, bevrees was dat hy te min tyd vir studies gehad het.[23] Die gebrek aan studeertyd en die drang om nogtans te wil presteer, het hom in die laaste ses maande van sy matriekjaar soggens vyfuur laat opstaan om te werk, want " ... my sukses, my toekoms hang (daarvan) af ..."[24]

Polities het hy tot die regse ekstremisme geneig. Hy was lid van die Ossewabrandwag (OB) en het in die gees van nasionaalsosialisme aan geheime driloefeninge en vergaderings deelgeneem.[25] As Afrikanernasionalis het hy sterk standpunt teen Suid-Afrika se deelname aan Wêreldoorlog II (1939-1945) ingeneem. Selfs sy godsdienstigheid is beïnvloed deur die nasionalistiese gevoelens. Hy het byvoorbeeld aan sy suster geskryf:

> Mag God ons help om Hom te loof, ons Afrikanernasie tot hulle godsdiens terug te bring, en bowe-al ons volk wakker te skud uit die slaap v.d. Britse Imperialisme.[26]

Sy betrokkenheid by die politiek van die dag en die gepaardgaande strydvaardigheid, het gelei tot 'n woordestryd met sy vader, 'n gematigde wat oor Suid-Afrikaanse oorlogsdeelname van hom verskil het. Sy jongste suster, Alida, aan wie hy baie geheg was, moes later tussenbeide tree om die stryd tussen vader en seun te besweer.[27] Mnr. Van Jaarsveld het later geweier om verder in enige politieke gesprekvoering in gesinsverband betrokke te raak.[28] Dit het gedui op kapitulasie aan die kant van die vader wat gewillig was om die minste te wees en die gesingseenheid in stand te hou, te midde van die kragdadigheid wat by sy seun aanwesig was.

Die realiteite van die dag kon egter nie so maklik vermy word nie en dit was vir Floris traumaties toe hy moes verneem dat sy laerskoolonderwyser en vroeë rolmodel, mnr. Johan Scheepers, vir militêre diens in die Uniemagte aangemeld het.[29] Weer eens moes die geliefde suster wat self in die onderwysberoep gestaan het, ook hier perspektief en leiding gee, deur 'n beroep op hom te doen om aan sy ou onderwyser ook in die konteks van sy "goeie hoedanighede" te dink.[30]

Die skooljare van Floris van Jaarsveld was dus gekenmerk deur politieke betrokkenheid wat aangevuur is deur 'n sterk gevoel van Afrikanernasionalisme. Dit was deel van 'n intellektuele evolusieproses wat in 'n bepaalde milieu ontwikkel het. Hy was as

---

23. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1933-38). F.A. van Jaarsveld - Ouers en broers, Heidelberg, 25.5.1938; TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1939). F.A. van Jaarsveld - Ouers en broers, Heidelberg, 17.9.1939.
24. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1939) F.A. van Jaarsveld - Alida, Heidelberg, 11.8.1940.
25. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 14.
26. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1933-38). F.A. van Jaarsveld - Alida van Jaarsveld, Heidelberg, 17.9.1938.
TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940). Alida van Jaarsveld - F.A. van Jaarsveld, 11.2.1940.
28. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940). Alida van Jaarsveld - F.A. van Jaarsveld, Balfour, 24.9.1940.
29. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940). J. Schooepers - Mnr. en mev. Van Jaarsveld, Voortrekkerhoogte, 5.9.1940.
30. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940). Alida van Jaarsveld - F.A. van Jaarsveld, Balfour, 11.2.1940.

plaasskoolkind in sy prille jeug ietwat verstoke van die vroeë dryfkragte van die politiek. In Heidelberg, die Hoëveldse dorp van die Afrikanernasionalisme en die kultuur van die volksdigter A.G. Visser, het Floris van Jaarsveld vir die eerste keer met die toekomstige Suid-Afrika kennis gemaak. Hy het oor bepaalde leiereienskappe beskik, wat in die familieverband raakgesien en aangeprys is.[31] Maar hy was bestem vir ander dinge. Op die akademiese terrein het sy intellektuele potensiaal deurgeskemer. In 1940 het hy onderskeidings in matriek gekry in natuurwetenskap, en natuurlik ook Geskiedenis.[32]

**Geskiedenis aan die Voortrekkeruniversiteit**

Die oorskakeling van 'n Oos-Transvaalse plattelandse dorp na die stad Pretoria, het groot aanpassings van hom vereis. Hy het vasgevang gevoel tussen vier mure. Die hele dag het hy net rooibaksteenmure en dakke rondom hom gesien. Hy het verlang na die oop ruimtes en die plaaslewe. Selfs Heidelberg was nie eens meer so "sleg" nie want daar " ... kon 'n mens tog oor die dorp kyk na die velde en berge".[33] Dit was maar net die begin van 'n versugting na die plattelandse lewe wat sy lewe lank hom sou bybly. Sy toekomstige beroepsomstandighede sou 'n stedelike lewenswyse op hom afdwing.

Dit was aan die Universiteit van Pretoria, destyds bekend as die Voortrekkeruniversiteit in die era van die Groot Trekeeufeesvieringe, waar die intellektuele vormingsproses van F.A. van Jaarsveld tot 'n hoogtepunt gevoer is. Hy was, in ooreenstemming met die onderwysstudies van destyds, gelyktydig aan die Normaalkollege Pretoria en die Universiteit van Pretoria ingeskryf. In sy eerste jaar het hy Aardrykskunde I, Geskiedenis I, Sosiologie I, Afrikaanse Nederlandse Kultuurgeskiedenis en 'n onderwyskursus gedoen. In die tweede jaar het hy met Aardrykskunde en Geskiedenis voortgegaan en in 1943 die derdejaarskursusse in Aardrykskunde en Geskiedenis, asook 'n onderwysgerigde kursus, met lof geslaag.[34] In sy vierde studiejaar, wat veronderstel was om uitsluitlik op die onderwys te konsentreer, het F.A. van Jaarsveld vergunning van prof. J.S. van Heerden, rektor van die kollege gehad, om met sy MA-studie voort te gaan.[35]

'n Uitstaande kenmerk van sy jare aan die Universiteit van Pretoria, is die feit dat F.A. van Jaarsveld, veral op die voorgraadse vlak aan 'n verskeidenheid gerespekteerde akademici in verskillende dissiplines blootgestel was. In Aardrykskunde, 'n dissipline wat hy vir die eerste keer op universiteit begin studeer het,[36] het hy onder die invloed gekom van prof. dr. C.F. ("Pyp") Hugo, wat sedert 1926 aan die universiteit verbonde was.[37] Hugo het in Van Jaarsveld se derde jaar gepromoveer met 'n studie oor *Die geografiese verbreiding van bevolking in die Sentrale en Noordelike Transvaal.*[38] Dit was juis die mensgeografie waarin Van Jaarsveld belang gestel het. In die Fisiese Geografie het dr.

---

TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940). Norval Geldenhuys - F.A. van Jaarsveld, Vrede, 4.12.1940.

32. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 15.
33. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946. F.A. van Jaarsveld - Ouers, Pretoria, 4.5.1941.
34. Universiteit van Pretoria (UP) Studenterekords, Geelkaart: F.A. van Jaarsveld (1941-1946).
35. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981. p. 11.
36. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 11.
37. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, Johannesburg, 1960, p. 120.
38. D. Litt. et Phil, Universiteit van Stellenbosch, 1944. Gepubliseer in *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Reeks A3 (Nasionale Pers, 1944).

G.H. Scheepers vanaf 1940 gedoseer.[39] In Sosiologie het hy onder prof. G. Cronjé gestudeer. Prof. Cronjé, wat sedert 1934 aan die Universiteit van Pretoria verbonde was,[40] was waarskynlik tot die laat vyftigerjare, naas dr. H.F. Verwoerd, een van die mees invloedryke Afrikaanstalige sosioloë in Suid-Afrika.

In Afrikaans het hy onder proff. S.A. Louw en M.S.B. ("Ou Kiep") Kritzinger en dr. T. Buning gestudeer.[41] Sy dosente in die Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis was dr. Jan Ploeger (1913-1994), 'n Nederlander en latere staatshistorikus wat in 1936 na Suid-Afrika gekom het en in 1945 onder leiding van prof. I.D. Bosman met 'n doktorale studie oor die geskiedenis van die onderwys in die ZAR tussen 1881 en 1900[42] gepromoveer het,[43] en prof. H.M. van der Westhuizen, wat voorheen aan die Heidelbergse Normaalkollege verbonde was.[44]

Die intellektuele vormingsproses wat F.A. van Jaarsveld ondergaan het, was reeds teen die einde van die eerste jaar duidelik. Soos vele Suid-Afrikaanse studente vóór en ná sy studentejare, het hy gedurende die Desembervakansie van 1941 as kelner op die spoorweë gewerk. Die denkproses wat hy gekultiveer het, kom duidelik na vore in 'n brief[45] wat hy aan sy ouers geskryf het, asook 'n dagboekie wat hy geskryf het. In die boekie het hy hom ten doel gestel om sy waarnemings op skrif te stel. Hy wou die mens in al sy fasette leer ken. Dit het ook gegaan oor die vasstelling van die sedelike peil van die bevolking, het Van Jaarsveld verklaar.

In die dagboekie is dit duidelik dat hy dit geniet het om Afrikaans te skryf en benewens sekere geografiese, ook sosiologiese en kultuurgebonde uitsprake te maak oor onder meer die landskap, die passasiers en die "sedelike peil" van die kelners. Wanneer in ag geneem word dat hierdie die werk van 'n 19-jarige eerstejaarstudent was, is sy waarnemings insiggewend. Hy het 'n skerp onderskeid tussen die Afrikaans- en Engelssprekende passasiers op die trein getref en hy het gepoog om wetenskaplike verklarings te gee vir die klaarblyklike statusverskille tussen die mense. Die gebrek aan geestelike diepte by die mense saam met wie hy gewerk het, het hom ook geïnteresseer.[46] Sy klem op die sedelike lewenspeil, was waarskynlik die resultaat van onderrig wat hy in Maatskaplike Werk, 'n onderafdeling van Sosiologie, ontvang het. 'n Jeugdige dr. Samuel Pauw[47] het in daardie jare die kursus aangebied.[48]

As jong geograaf, beskryf Van Jaarsveld in sy dagboekie, die landskap wat hy

---

39. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 120.

40. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 124.

41. TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 11; A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, pp. 115-116.

42. Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900) in *Argiefjaarbvoek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 15(1), 1952.

43. F.A. van Jaarsveld, "Die twee staatshistorici oorlede: dr. Jan Ploeger en kol. dr. Jan Ploeger", *Historia*, 39(1), Mei 1994, pp. 1-5.

44. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 128.

45. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1941) F.A. van Jaarsveld - Ouers, Heidelberg 27.11.1941.

46. TA, A2055, Dagboek November-Desember 1941.

47. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 124.

48. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 16.

waargeneem het, die klimaat in die Kaap tydens sy aankoms daar en die eerste keer wat hy in die see geswem het. Hy skryf byvoorbeeld oor die see:

> Die indruk wat mens kry as (jy die) eerste keer die see sien, sal jy nooit vergeet, dis wonderlik 'n sterk S.W. wind het die branders berghoogte gejaag en die wit skuim in bolle voor my voete laat spat ... Die see het my die indruk van grootse magteloosheid gegee, van oneindigheid, onwerklikheid. Heerlik is die see, eniglik, oneindiglik.[49]

Van 'n historiese bewussyn is daar in die dagboek min aanduidings.[50] Dit wil voorkom asof daar in sy eerste jaar van studie in die Geskiedenis, in 1941, min was wat hom tot geesdrif aangevuur het. Sy dosente, prof. I.D. Bosman en dr. Jan Ploeger, het hom klaarblyklik nie gemotiveer nie. Hy het byvoorbeeld later verklaar dat hy verontreg gevoel het omdat Bosman vir hom 'n lae punt gegee het vir 'n opstel waarvoor hy buitengewoon hard gewerk het.[51] Daar was moontlik ook meer dieperliggende redes vir sy ontevredenheid. In hoeverre dit gegaan het oor menseverhoudings is onduidelik. Bosman het juis as koshuisvader bekend gestaan as die "groot studentevriend".[52] 'n Faktor wat wel tot sy nadeel kon gestrek het, was die feit dat Bosman by talryke buite-universitêre aktiwiteite betrokke was.[53] Dit het moontlik meegebring dat hy minder tyd gehad het om akademiese navorsingswerk te lewer, wat waardering en respek by die student, F.A. van Jaarsveld, kon tuisbring.

I.D. Bosman, 'n Vrystater in murg en been, is op 2 Februarie 1897 in Frankfort gebore. Hy het sy skoolopleiding aan Greykollege in Bloemfontein voltooi en daarna die grade BA (1919) en MA (1925) aan die plaaslike Universiteitskollege behaal. Tussen 1929 en 1931 het hy onder prof. H. Brugman aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam gestudeer. Ná sy terugkeer na Suid-Afrika het hy eers skoolgehou voordat hy in 1935 as hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aangestel is.[54] Van Oktober 1945 tot en met sy dood op 16 Maart 1947, was Bosman dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.[55]

Die Hervormde teoloog en kerkhistorikus, prof. S.P. Engelbrecht, wat ook in Geskiedenis gedoseer het, het in Van Jaarsveld se finale voorgraadse en eerste nagraadse jaar Transvaalse geskiedenis gedoseer.[56] Engelbrecht het as kerkhistorikis in 1920 aan die

---

49. TA, A2055, Dagboek November-Desember 1941. Inskrywing c. tussen 29 November 1941-2 Desember 1941.
50. TA, A2055, Dagboek November-Desember 1941.
51. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 16.
52. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 113.
53. F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms*, Johannesburg, 1991, p. 52.
54. A.N. Pelzer, "Izak Daniël Bosman", in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, Elsiesrivier, 1977, p. 89; F.A. van Jaarsveld, *Afrikaner-geskiedskrywing: Verlede hede en toekoms*, pp. 49-50.
55. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, p. 108.
56. Getranskribeerde persoonlike mededeling aan skrywer (GPM), FAvJ, 950413, pp. 10-12. Mededeling Dr. Maria Johanna Hugo (78), 23e straat 35, Menlopark, Pretoria, op 13 April 1995; TA, A2055, , Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 17.

Rijksuniversiteit van Utrecht gedoktoreer met 'n studie oor die geskiedenis van die Nederduitsche Hervormde kerkgenootskap in Suid-Afrika.[57] Van Jaarsveld sou ook vir hom in die vyftigerjare histories-metodologies skerp kritiseer.[58]

Die belangrikste invloed op Van Jaarsveld in die vroeë jare van geskiedenisstudie, was die jeugdige dr. A.N. Pelzer (1915-1981), wat vanaf 1942 dosent in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria was. Pelzer het homself reeds vroeg as 'n goeie dosent onderskei en was gevolglik gewild onder studente.[59] Adriaan Nicolaas (Petrus)[60] Pelzer is op 25 Desember 1915 in Ermelo gebore waar hy ook sy skoolopleiding voltooi het. In 1935 het hy sy BA-studie met die hoofvakke Afrikaans en Geskiedenis (lg. met lof) geslaag. In 1937 het hy 'n magisterstudie met lof afgelê oor *Die arm-blankeverskynsel in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1882-1899.*[61] Tussen 1938 en 1939 het hy aan die Vrye Universiteit van Amsterdam onder prof. J. Waterink in die Opvoedkunde gestudeer. Sy D.Phil-studie was bykans voltooi ten tyde van die uitbreek van Wêreldoorlog II en hy was verplig om kort voor die Duitse inval van Nederland op 10 Mei 1940 die land uit te vlug. Die gevolg was dat Pelzer eers in April 1941 aan die Universiteit van Pretoria in die Opvoedkunde met 'n studie oor *Die reëlings vir en die organisasie van die Laer, Middelbare en Voorbereidend - Hoër Onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika* gedoktoreer het.[62] Ná die afsterwe van prof. I.D. Bosman in 1947 het prof. Pelzer hoof van die Departement Geskiedenis geword.[63]

In sy tweede studiejaar, 1942, het Van Jaarsveld duidelik meer in die geskiedenis begin belangstel.[64] A.N. Pelzer het "Vaderlandse geskiedenis" gedoseer. Die invloed van Pelzer op die vorming van Van Jaarsveld as historikus kan dus nouliks oorskat word.

Dat Pelzer en Van Jaarsveld uiteenlopend van temperament was, is nie te betwyfel nie. Pelzer was kalm en bedaard. Akademies was hy 'n pedagoog en eksperimentele historikus. Hy het verkennend en vindingryk met sy vak omgegaan. Sy studie *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare*[65] het volgens beoordelaars van oorspronklikheid en baanbrekerswerk getuig.[66] Die jong Van Jaarsveld was lewenslustig, entoesiasties en buitengewoon hardwerkend. Pelzer, wat net sewe jaar ouer as sy student was, het benewens sterk karakter- en leiereienskappe, op akademiese terrein baie respek afgedwing. Dit is interessant dat Pelzer, met uitsondering van vroeë kritiek deur Van Jaarsveld oor sy benadering tot die eietydse geskiedenis en die herskrywing van die

---

57. A.N. Pelzer, F.J. du Toit Spies en W.J. de Kock, *Ad destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, pp. 167-168.
58. F.J. du Toit Spies, "F.A. van Jaarsveld se studies oor die Suid-Afrikaanse historiografie", *Historia* 27(1), Mei 1982, p. 70.
59. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 11.
60. Hy het verkies om hierdie naam weg te laat. Kyk F.J. du Toit Spies, "A.N. Pelzer, 1915-1981", *Historia* 30(1), 1985, p. 62.
61. Dit is gepubliseer in aflewering in *Historiese Studies*, 2 (3 en 4), 1941, en 3 (1 en 2), 1942.
62. F.J. du Toit Spies en D.H. Heydenrych, *Ad destinatum II 1960-1982: 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1987, p. 18.
63. F.J. du Toit Spies en D.H. Heydenrych, *Ad destinatum II 1960-1982: 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*, p. 18; G. Stuart-James, *Wie is wie in Pretoria*, Eerste uitgawe, p. 73.
64. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 11.
65. Kaapstad, 1950.
66. F.J. du Toit Spies, "A.N. Pelzer, 1915-1981", *Historia* 30(1), 1985, pp. 63-64.

geskiedenis,[67] een van die leermeesters was, met wie Van Jaarsveld nooit regstreeks in 'n woordestryd getree het nie.

**Magisterstudie onder Bosman**

Ofskoon hy 'n groot bewondering vir Pelzer gehad het, was dit Bosman wat as studieleier vir Van Jaarsveld se *magister artium* sou optree. Die invloed van Bosman op die intellektuele vorming van Van Jaarsveld kan dus nie oorskat word nie.

Bosman het in die historiografie, 'n terrein waarin Van Jaarsveld baie belang gestel het, gedoseer. Trouens Bosman het vir sy doktorale proefskrif 'n biografiese studie oor die geskiedskrywer G. McCall Theal[68] gedoen. Daar was heelwat kritiek op die studie,[69] maar sy navorsingsagtergrond het tog die effek gehad dat Bosman, moontlik meer as meeste van sy tydgenootlike kollegas, gesaghebbend oor die historiografie kon kommunikeer. Uit sy studie onder Bosman het Van Jaarsveld 'n besondere waardering vir die Switserse historiograaf Eduard Fueter se standaardwerk,[70] *Geschichte der neuere historiographie,*[71] ontwikkel. Met sy kenmerkende deursettingsvermoë en ywer het hy een van die belangrikste Duitstalige historiograwe van die vroeë twintigste eeu bestudeer en spoedig, danksy matriek Duits, onder die knie gekry.[72] In sy skakeling met vriende wat in geskiedenis belang gestel het, het Van Jaarsveld die historiografiese studies van G.P. Gooch,[73] maar veral Eduard Fueter sterk gepropageer.[74]

'n Verdere aanduiding van die invloed van Bosman op Van Jaarsveld blyk uit die feit dat sy MA-studie, *Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870*[75] 'n onderwerp was wat deur Bosman aan hom voorgehou is.[76] Hierdie feit beantwoord moontlik die vraagstelling[77] na die rede waarom Van Jaarsveld nie eerder vanuit 'n verindividualiserende perspektief, soos byvoorbeeld die biografie van 'n enkele veldkornet, gekonsentreer het nie. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat Bosman se eie magisterstudie aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat oor *Die kommandostelsel in die tyd van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap* gehandel het.[78] Dit was, soos die studie wat hy aan Van Jaarsveld voorgehou het, ook gerig op die institusionele owerheidsgeskiedenis.

---

67. Kyk F.A. van Jaarsveld, "Geskiedenis en lewe: 'n Metodologies-kritiese opstel" in *Standpunte* 7(4), Junie 1953, pp. 17-18, 28-33.
68. *Dr. George McCall Theal as die geskiedskrywer van Suid-Afrika*, Amsterdam, 1925.
69. F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms*, p. 52.
70. Kyk: S.B. Fay se kommentaar in E. Fueter, *World history 1815-1920* (Vertaal deur S.B. Fray, Londen, 1923); H.E. Barnes *A history of historical writing*, Tweede hersiene uitgawe, New York, 1963, p. 403.
71. Derde verbeterde en bygewerkte uitgawe van die oorsponklike 1911-publikasie, R. Oldenbourg uitgewery, München, 1936. Die werk vanaf p. 415 is in die kurus gedek.
72. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 11.
73. G.P. Gooch (1873-1969). Kyk veral sy *History and historians in the nineteenth century* (1913, waarvan 'n tweede uitgawe in 1952 verskyn het).
74. TA, A2055, Korrespondensie Vriende 1940-1952. (Vriende 1947), R. Theron - F.A. van Jaarsveld, Wolwehoek, OVS, 14.12.1947.
75. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950.
76. TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981. p. 12.
77. J.T. du Bruyn, "F.A. van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en vernuwer", *Historia* 27(1), Mei 1982, p. 56.
78. 1925.

'n Belangrike ander faktor wat gegeld het, was die feit dat die onderwerp die geskiedenis van die negentiende eeuse Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gedek het. Bosman, wat tussen 1935 en 1947 nie minder nie as 25 magister- en agt doktorale studies gelei het, was goed onderlê in die argiefgroepe van die Transvaalse argiefbewaarplek.[79] Daarby het hy hom, in die gees van Groot Trek-eeufeesvieringe van 1938, op temas rondom die Transvaalse republikeinse geskiedenis ingeburger.

Onderwerpe oor die politieke geskiedenis en van republikeinse instellings en ampte was tot in die vyftigerjare gewild aan die Universiteit van Pretoria. Die inleidende studie blyk te gewees het A. Wypkema se proefskkrif oor die invloed van Nederland op die staatsinstellings van die ZAR tot omstreeks 1881 wat reeds in 1932 afgehandel, maar eers in 1939 gepubliseer is.[80] J.J. van Heerden het aandag gegee aan die amp van *Die kommandant-generaal in die Suid-Afrikaanse Republiek 1860* in sy magisterstudie van 1944.[81] In sy studie wat in 1947 voltooi is, het C.J.J. Reyneke aan die kollege van landdros en heemrade onder die Voortrekkers gedurende die wordingsjare van die ZAR aandag geskenk.[82]

'n Voorkeur vir die republikeinse geskiedenis was nie alleen in die Departement Geskiedenis aanwesig nie. Die intellektuele gees van nasionalisme en 'n voorliefde vir die negentiende eeu, was op die kampus in die akademiese gedagtestrominge aanwesig. In die staatsleer het prof. E.F.W. Gey van Pittius[83] se *Staatsopvattinge van die Voortrekkers en die Boere*[84] in 1941 verskyn. Van Jaarsveld, hoewel hy nie 'n student in die staatsleer was nie, het wel deeglik in sy magisterstudie daarvan kennis geneem.

Die studie oor die amp van die veldkornet was dus 'n studie wat binne 'n bepaalde intellektuele milieu gestalte aangeneem het. Die wyse waarop hy die onderwerp of vraagstelling aan die verlede vertolk het, was egter oorspronklik. Ofskoon Van Jaarsveld geneig was om krities te staan teenoor Bosman, wat sy studente die minimum leiding in hul studies verleen het,[85] was dit waarskynlik voordelig in die sin dat hy die geleentheid gekry het om oorspronklike werk te verrig. Die studie was in wese die resultaat van 'n ondersoek wat uit die dokumente beslag gekry, gegroei en gestalte aangeneem het.[86]

In Februarie 1946 is die studie voorgelê, met prof. S.P. Engelbrecht as eksterne eksaminator, en op 14 Maart 1946 het 'n spoedkomiteevergadering van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte goedgekeur dat die graad met lof toegeken word.[87]

By die evaluering van Van Jaarsveld se formele studiejare aan die Universiteit van Pretoria (1941-1946) is daar enkele kernaspekte wat na vore kom in die proses van sy intellektuele vorming. Dat dit konstruktief op sy intellektuele ontwikkeling ingewerk het, ly geen twyfel nie. Hy was teen 1946 lank nie meer die tipiese plattelandse Afrikaner van

---

79. F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms*, p. 51.
80. A. Wypkema, De invloed van Nederland op (die) ontstaan en ontwikkeling van de staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881. (D. Litt UP, 1932). Die studie is in 1939 gepubliseer.
81. MA, UP, 1944. Die kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (D.Phil, UP, 1950). Gepubliseer in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 27(2), 1964.
82. Die kollege van landdros en heemrade onder die Voortrekkers met spesiale verwysing na die rol wat dit gedurende die wordingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek vervul het. (MA, UP, 1947).
83. Prof. Gey van Pittius, het in 1925 'n MA aan die Universiteit van Pretoria afgehandel met die onderwerp: Die stelsel van provinsiale rade in Suid-Afrika.
84. E.F.W. Gey van Pittius, *Die staatsopvattings van die Voortrekkers en die Boere*, Pretoria, 1941.
85. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p. 12.
86. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981. p. 12.
87. (UP) Studenterekords, Geelkaart: F.A. van Jaarsveld (1941-1946).

die dertigerjare wat in 'n beklemmende verstedelikingsindroom vasgevang was nie. Pretoria, die besige uitvoerende hoofstad van die land, met sy hoër onderwysinstellings, het vir hom met die groter wêreld in aanraking gebring. Meer rasionele en skerp denkprosesse het posgevat. Daarvan het sy MA-verhandeling getuig.

Polities was hy ook nie meer so betrokke nie. Wêreldoorlog II het in 1945 ten einde geloop. Die Duitsers het die oorlog verloor. Hulle Suid-Afrikaanse ondersteuners, in die vorm van lede van die Ossewabrandwag en ander regse groeperinge, was nou daarop aangewese om nuwe weë te soek. Die tipe van Afrikaner nasionalistiese sentiment waarin Van Jaarsveld nou geestelik in verdiep was, het aansienlik verander. 'n Selfstandigheid het na vore getree. Die toekomsperspektief rondom sy beroep en sy verwagtinge het begin gestalte aanneem.

**Van Jaarsveld versus Bosman**

Aan die begin van 1946 het F.A. van Jaarsveld vir die eerste ses maande van die jaar 'n tydelike onderwyspos aan die Juniorskool Langenhoven in Pretoria gehad. Die reëling het hom gepas. Hy was naby aan die argiefbewaarplek en kon dus met sy navorsing voortgaan. In die tweede helfte van die jaar het hy 'n aanstelling aan die Hoërskool Brandwag in Benoni gehad.[88] Weens die probleem van afstand het hy hom op biografiese navorsing oor Andries Pretorius toegespits. Dit was hoofsaaklik op die werk van Gustav Preller gebaseer.[89]

Op grond van sy prestasie met die magisterstudie, het Van Jaarsveld gekwalifiseer vir 'n Uniebeurs. Hy sou in 1947 na Nederland gaan om verder aan die Universiteit van Groningen te studeer. Gevolglik het hy uitstel gekry van die destydse Transvaalse Onderwysdepartement om sy onderwysverpligtinge na te kom. Dié tyd het hy gebruik om stof vir sy beplande doktorale studie in die argiewe van Transvaal en die Oranje-Vrystaat in te samel.[90]

Sy doelwit was om te skryf oor die verhoudinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Oranje-Vrystaat. Dit was oor die keuse van hierdie onderwerp waaroor Van Jaarsveld en Bosman sou swaarde kruis. In gesprekvoering het Bosman hom daarvan beskuldig dat hy 'n tema oorgeneem het waarmee hy, Bosman, reeds lank besig was. In sy dagboek verklaar Van Jaarsveld dat hy op die tema die betrekkinge tussen die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek besluit het, nadat hy sy MA voltooi het. Bosman se beswaar oor die onderwerp was dat hy persoonlik reeds 12 jaar daarmee besig was.[91]

Hierdie, die eerste volwaardige akademiese stryd waarby Van Jaarsveld betrokke was, het finaal 'n wig tussen hom en Bosman ingedryf. Van Jaarsveld het sterk oor die saak gevoel. Hy het persoonlik reeds baie tyd in die argief deurgebring om daaraan te werk. Die debat tussen die twee is, benewens persoonlike gesprekvoering op kantoor, ook telefonies gevoer. Bosman het selfs die argiefbewaarplek besoek en die besoekregister van navorsers deurgegaan. Hy het vraagtekens getrek agter die intekeninge van Van Jaarsveld en sodoende die indruk probeer skep dat die navorser met ander werk besig was. Die

88. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981. p. 12.
89. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 19.
90. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 20.
91. TA, A2055, Dagboek "Europa" Inskrywing, 29 Desember 1947.

hoofargivaris, dr. C.F. Beyers, wat Van Jaarsveld aanvanklik laat verstaan het dat die voordeel in sy guns was, het op die ou einde Bosman se kant gekies. Dit het Van Jaarsveld gegrief. Hoewel hy dit ontken het, wil dit tog uit sy dagboek voorkom asof hy verneder gevoel het omdat hy van argiefpersoneel moes verneem hoe prof. Bosman hom "uitgelê" het.[92]

Die dilemma waarin hy hom nou bevind het, het hom genoop om ander onderwerpe te soek. Hy het oorweging geskenk aan: a) Die vreemdelinge in die ZAR; b) Die Britse buitelandse beleid teenoor die ZAR tot 1900; c) Die Hollanders in die ZAR; en d) Die ontwikkeling van lokale regering in die ZAR.[93]

Hy het, eindelaas, weer eens deur die dokumente begin werk, maar steeds was sy oog op die insameling van inligting wat verband gehou het met verhoudinge tussen die twee state. "Ek was erg ongelukkig want ek kon nie koers kry in enige van die bogenoemde studievelde nie," het hy in sy dagboek aangeteken.[94] Om voort te gaan met dit waaroor hy in sy MA gewerk het, was ook nie 'n oplossing nie. Hy het dit as 'n statiese onderwerp gesien en wou graag iets meer dinamies op die terrein van die politieke geskiedenis aanpak.[95]

Prof. Bosman se dood, op 16 Maart 1947, het die versperring in die weg van Van Jaarsveld se studie laat verdwyn. In hoeverre hy die stryd "gewen" het, is moeilik om te bepaal. Tot aan die einde van sy eie lewe sou hy die doelwit nastreef om die verhoudinge tussen die twee Boererepublieke tot aan die einde van die negentiende eeu te beskryf - 'n studie wat helaas nooit voltooi is nie. Hy het ook nooit weer so intens by die afbakening van 'n bepaalde studieterrein betrokke geraak nie. Sy tyd sou hy eerder meer konstruktief deurbring deur bloot navorsing te doen en met oorgawe te skryf.

Die dood van prof. Bosman het regstreeks meegebring dat Van Jaarsveld sy eerste kans gekry het om doseerwerk aan 'n universiteit te verrig.

**Die jong universiteitsdosent**

Sedert sy hoërskooldae het Van Jaarsveld hom ten doel gestel om onderwyser te word. Gedurende sy matriekjaar in 1940, het hy by 'n vroeë leidende invloed, prof. C.K. Oberholster, destyds verbonde aan die Normaalkollege Heidelberg, aangeklop en verneem dat hy sy universiteitsloopbaan oor 'n tydperk van vier jaar met 'n onderwyskursus aan die kollege moes kombineer. Dan moes hy twee jaar aan 'n laerskool klasgee voordat hy na 'n hoërskool kon gaan.[96] Hierdie weg het hy dan ook gevolg. Sy ambisie om 'n onderwyser te word, het egter toenemend vervaag. Van studentemaats het hy verneem hoe moeilik dit was om 'n onderwyser te wees. Ook het hy met groot moeite praktiese onderrig gaan gee.[97] Terselfdertyd het hy homself geheel en al aan die passie oorgegee om geskiedenis te skryf.

Die geleentheid om geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria te doseer, was dus die realisering van 'n ideaal wat hy lank gekoester het. In Junie 1947 het prof. Pelzer Van Jaarsveld tydelik aangestel. Sy doseerverpligtinge het 'n kursus vir die eerstejaars oor die tydperk van Lodewyk XIV behels. Fokus op die geskiedenis van die Hugenote in Europa

---

92. TA, A2055, Dagboek "Europa" Inskrywing, 29 Desember 1947.
93. TA, A2055, Dagboek "Europa" Inskrywing, 29 Desember 1947.
94. TA, A2055, Dagboek "Europa" Inskrywing, 29 Desember 1947.
95. TA, A2055, Dagboek "Europa" Inskrywing, 29 Desember 1947.
96. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946 (1940) F.A. van Jaarsveld - Ouers, Heidelberg, 2.6.1940.
97. TA, A2055, Korrespondensie familie 1933-1946. F.A. van Jaarsveld - Ouers, Pretoria, 27.1.1943.

en Suid-Afrika was opsioneel in die kursus. Vir die tweedejaars moes hy algemene (Europese) geskiedenis gedurende die agtiende eeu tot 1815 doseer. In die derdejaarskursus moes hy die tydperk vanaf 1830 in die Europese geskiedenis behandel.[98]

Van Jaarsveld se entoesiasme was onstuitbaar, veral nadat Pelzer hom laat verstaan het dat 'n vakature vir 'n lektoraat in die Departement, waarskynlik op 1 Januarie 1948, sou oopgaan. Pelzer het hom aangeraai om daarvoor aansoek te doen voordat die aansoeke in Augustus 1947 sluit.[99]

Met 'n akademiese beroep wat besig was om vinnig gestalte aan te neem - al was dit ietwat prematuur, want hy sou eers in 1958 sy eerste vaste aanstelling aan 'n universiteit kry[100] - het F.A. van Jaarsveld en mej. Helet Lovina van der Spuy, wat hy in 1944 aan die Normaalkollege in Pretoria ontmoet het,[101] op 2 Julie 1947 in die huwelik getree.[102]

Deur sy skoonvader, mnr. J.E. van der Spuy, onderwysman van Johannesburg,[103] het Van Jaarsveld persoonlik met die historikus en koerantman, dr. G.D. Scholtz (1905-1983),[104] kennis gemaak. Van Jaarsveld het reeds as voorgraadse student Scholtz se politieke kommentaar en tydgenootlike interpretasies onder die rubriek van "Sake van die Dag" in *Die Transvaler* gelees.[105] 'n Vriendskap het ontwikkel wat tot en met die afsterwe van Scholtz sou duur.[106] Die invloed van Scholtz is duidelik in die denkkonstruksies wat in werke soos onder meer *Die verlede spreek* (1965), *Afrikaner Quo Vadis* (1971) en *Omsingelde Afrikanerdom* (1978) later sou uitkristaliseer.

Van Jaarsveld is, hoofsaaklik weens sy oorsese studies, nie in 1948 as dosent aangestel nie. Daardie aanstelling aan die Universiteit van Pretoria sou eers 'n kwarteeu later, in 1973, kom. Intussen het hy hom in een van die belangrikste vormingsfases van sy akademiese lewe - die studie en navorsing in Europa begeef.

## Nederlandse bestuiwing

Ses jaar nadat Van Jaarsveld met tersiêre onderwys begin het, het hy die geleentheid gekry om in Nederland te gaan studeer. Saam met 'n handjievol ander uitstaande Suid-Afrikaanse studente, waaronder die latere proff. P.S. Dreyer en Ben Engelbrecht en dr. Maria Hugo, het hy tussen 1948 en 1950 aan die voete van die voorste Nederlandse akademici gesit en opleiding ontvang wat in die snel ontwikkelende Afrikaanse akademiese instellings tuis teruggeploeg moes word.

Die buitelandse studie het vir Van Jaarsveld 'n groot leerkurwe meegebring.

98. TA, A2055, Korrespondensie met Kollegas 1945-1947. A.N. Pelzer - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 14.6.1947.

99. TA, A2055, Korrespondensie met Kollegas 1945-1947. A.N. Pelzer - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 20.6.1947.

100. ANON. (Na alle waarskynlikheid D.H. Heydenrych), "Lewensloop en akademiese loopbaan van F.A. van Jaarsveld", *Historia* 27(1), Mei 1982, pp. 4-5.

101. TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Dagboek "Europa" Inskrywing, 1 Januarie 1948.

102. F.A. van Jaarsveld, *Van Jaarsveld van stamvader Adriaan tot Ernst Jacobus van Jaarsveld 1702-1986: 'n Stukkie familiegeskiedenis van onder*, p. 105.

103. GPM, FAvJ, 950410, p. 1. Mededeling mev. H. van Jaarsveld (69) Rodericksweg 476, Lynnwood, Pretoria, op 10 April 1995.

104. Vir meer oor Scholtz, kyk F.A. van Jaarsveld, "G.D. Scholtz se oordeel oor die toekoms van die Afrikaner teen die agtergrond van wêreldgebeure", *Historia* 38(2), November 1993, pp. 1-14.

105. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, , p. 17.

106. Kyk F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*, Kaapstad, 1979, pp. 90-121

Aanvanklik was hy op moedverloor se vlakte,[107] maar reeds teen Julie 1948 het hy van standpunt uitgegaan dat hy in ses maande meer geleer het as in tien jaar in Suid-Afrika. Dit was vir hom belangrik, het hy erken, om in die buiteland te wees sodat hy tot 'n beter insig oor sy land en volk kon kry.[108] Die akademici onder wie hy studeer het, het moontlik, met die uitsondering van Jan Romein, nooit die statuur van 'n Johan Huizinga, Piet Geyl, G.W.F. Hegel of J.P. Sartre gehad nie. Tog was hul leiding van so 'n aard dat Van Jaarsveld op so 'n wyse intellektueel gestimuleer is dat hy op eie akker, terug in Suid-Afrika, pionierswerk kon verrig.

**P.J. van Winter**

Op die terrein van die geskiedenis het Van Jaarsveld aan die Universiteit van Groningen onder prof. P.J. van Winter (1895-1990)[109] gestudeer. Van Winter, 'n vriend van die Afrikaners en kundige van die negentiende eeuse ZAR, het by Van Jaarsveld 'n sterk basis gelê in terme van metodologiese beginsels. Die Nederlander was een van die min akademici, oor 'n tydperk van meer as 'n halfeeu, vir wie Van Jaarsveld 'n vrees gehad het. "Vir hom (Van Winter) is ek verduiwels bang," het hy by geleentheid rondborstig erken.[110] Daar was egter meer sprake van 'n respek en waardering wat ontstaan het op grond van Van Winter se metodologiese noukeurigheid wat in die klassieke Rankeaanse tradisie van die Dietse universiteit in Europa sy beslag gekry het.

Van Winter het die seminaarmetode, 'n benadering wat Van Jaarsveld altyd hoog aangeslaan het,[111] nagevolg. In die klasse waar doktorale en kandidaatstudente onderrig ontvang het, was rakke met boeke wat regstreeks deur studente geraadpleeg kon word terwyl 'n lesing aan die gang was. Vir Van Jaarsveld was dit 'n totale belewenis. Hy skryf:

> Duisende geskiedenisboeke en bronnepublikasies ... staan op rakke rondom. Word 'n onderwerp behandel, word ondersoek gedoen na die bronne en daarna word dit oopgemaak ... Prof. Van Winter gaan ... stap vir stap na hoedat hy aan sy waarhede of feite gekom het. Van Winter is dan 'n uitstekende historikus(,) en wat die metode van navorsing en sintese betref, is hy deeglik sodat mens werklik veel van hom kan leer.[112]

Die Europese tydperk was in 'n baie groot mate beïnvloed deur die filosofiese grondslae en prikkels wat Van Jaarsveld ervaar het. In alle eerlikheid moet aanvaar word dat Van Jaarsveld min oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, anders as by Van Winter, in Nederland kon leer. Trouens dit was een van die redes hoekom hy nie onder prof. Piet Geyl gaan

---

107. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1940-1952. (Familie 1948), F.A. van Jaarsveld - Ouers, 17.1.1948.
108. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1948), F.A. van Jaarsveld - Ouers, Groningen, 25.6.1948.
109. F.A. van Jaarsveld, "P.J. van Winter (1895-1990): Sy betekenis vir Suid-Afrika", *Historia* 35(1), 1990, pp. 1-2.
110. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Groningen, 17.2.1949.
111. F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, Pretoria, 1974, p. 250.
112. TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Dagboek "Europa" Inskrywing van 10 Februarie 1948, geskryf in die handskrif van mev. H. van Jaarsveld. Hierdie is waarskynlik 'n afskrif van 'n brief wat Van Jaarsveld aan prof. C.K. Oberholster geskryf het.

studeer het nie.[113] Van Jaarsveld was ook daarvan bewus dat die noodsaaklikste grondleggingswerk in die Rankeaanse wetenskaplike metodologie, reeds deur die eerste geslag Afrikaanstalige historici in Europa aan die begin van die eeu instudeer en na Suid-Afrika uitgedra is. Derhalwe het hy sy vlerke 'n bietjie verder gesprei deur op filosofiese strominge en die historiografie te let.

### H. Plessner

Aan die Universiteit van Groningen het hy in die filosofie onder prof. Helmuth Plessner en dr. W. de Leeuw gestudeer.[114] Plessner, 'n Duitser van Joodse afkoms, was een van die baie akademici wat weens gewraakte Nazi-intimidasie as uitgewekene Duitsland verlaat het. Hy was tussen 1932 en 1952 aan die Universiteit van Groningen verbonde.[115] Hy het Van Jaarsveld beïndruk. Sy benadering het neergekom op die wysgerige antropologie waarvan hy onder die voorste eksponente in Europa gereken is. Wysgerige antropologie was die resultaat van die negentiende eeuse strominge in die Europese wysbegeerte wat uit die eksistensiefilosifie van Hegel en later Nietzsche voortgevloei het. In 'n poging om weg te beweeg van die meganistiese benadering van die mens, soos deur Darwin voorgestel, het 'n bioloog, baron Jakob von Üxkull, 'n nuwe benadering aan die hand gedoen;[116] die mens in sy komplekse totaliteit. Die wysgerige antropologie was ook 'n poging om die eksistiensiefilosofie vanuit 'n ander hoek te benader.

Van Jaarsveld het in Plessner se werk belang gestel want die Duitser het sy onderrig ontvang van Husserl, Windelband en Riekert, wat rigtinggewende insette op die terrein van die geskiedenisfilosofie gemaak het. Plessner het homself onderskei as een van die eerste post-Kantiane wat opnuut na die bestudering van Immanuel Kant teruggekeer het.[117]

Die filosoof was aanvanklik huiwerig om Van Jaarsveld as student te aanvaar. Deur die bemiddeling van sy studentemaat, ds. P.S. Dreyer, wat van Jaarsveld reeds vroeg in hulle vriendskap as 'n man met 'n skerpsinnige brein en kalm beredeneerde houding beskryf het,[118] is Van Jaarsveld toegelaat om die kursus van Plessner by te woon.[119]

Van Jaarsveld het erken dat sy eie kennis van die filosofie beperk was.[120] Hy het nogtans gevoel dat hy gereed was om baie te leer van die "kort mannetjie met 'n groot oop voorkop" wat in sy kamer "so 'n kort swart baadjie" dra en mens "al te koddig" groet.[121]

Plessner het vanuit die staanspoor werke van Riekert, Windelband, Rothacker, Simmel,

---

13. TA, A2055, , Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 20.

114. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie, 1948), F.A. van Jaarsveld - Ouers, Groningen, 22.2.1948.

115. H. Plessner, *Gesammelte Schriften X: Schriften zur Soziologie und Sozialphilosophie*, Suhrkamp Verlag, Augsberg, 1985, pp. 332-336.

116. GPM, FAvJ, 950410, p. 19. Mededeling prof. Petrus Secundus Dreyer (74), Canopusstraat 278, Waterkloofrif, Pretoria, 14 April 1995.
TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Dagboek "Europa" Inskrywing van 10 Februarie 1948, geskryf in die handskrif van mev. H. van Jaarsveld. Hierdie is na alles waarskynlik 'n afskrif van 'n brief wat Van Jaarsveld aan prof. C.K. Oberholster geskryf het.

118. TA, A2055, Dagboek "Europa" Inskrywing, 1 Januarie 1948.

119. GPM, FAvJ, 950410, pp. 19-20. Mededeling prof. Petrus Secundus Dreyer (74), Canopusstraat 278, Waterkloofrif, Pretoria, 14 April 1995.

120. GPM, FAvJ, 950410, pp. 19-20. Mededeling prof. Petrus Secundus Dreyer (74), Canopusstraat 278, Waterkloofrif, Pretoria, 14 April 1995.
TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Dagboek "Europa" Inskrywing van 10 Februarie 1948, geskryf in die handskrif van mev. H. van Jaarsveld. Hierdie is waarskynlik 'n afskrif van 'n brief wat Van Jaarsveld aan prof. C.K. Oberholster geskryf het.

Dilthey, Karl Löwith Paul Hazard, Huizinga en Ernst Troeltsch voorgeskryf. Van Jaarsveld moes homself eenvoudig daarop instudeer, te midde van die besef dat hy 'n agterstand op die terrein van die filosofie asook die Duitse taal gehad het.[122]

In die geheel het dit vir Van Jaarsveld gegaan om die verkryging van 'n stewige agtergrond in die filosofie van die geskiedenis, en veral die Duitse strominge. As onderdeel het hy gekonsentreer op die historiese bewussyn en historiese wetenskap. Hy het nie formele onderrig daarin van Plessner ontvang nie. Gevolglik kon hy selektief studeer en sy eie rigting bepaal. Hy het homself vanuit die staanspoor ten doel gestel om, benewens die praktiese beoefening van die geskiedenis, ook op die "wysgerige betragting daarvan" te konsentreer.[123]

Teen die einde van 1948 het mev. Van Jaarsveld na Suid-Afrika terug gekeer, deels as gevolg van 'n geldelike tekort en die feit dat sy nie 'n betrekking kon kry nie. Haar man was besig om hom vir die eksamens voor te berei. 'n Tydperk van voorheen ongekende harde studie,[124] voorbereiding en nabetragting, ineengestrengel met 'n groot verlange na die huweliksmaat, het aangebreek.[125] Op 17 Februarie 1949 het hy by Plessner sy eerste tentamen afgelê. Dit het goed afgeloop en die Duitser het hom laat verstaan dat hy tevrede was.[126] Die filosoof sou later oor Van Jaarsveld die standpunt huldig dat, hoewel hy 'n gebrek aan 'n filosofiese onderbou gehad het, was die jeugdige historikus 'n baie harde werker.[127]

Ná die aflegging van sy formele eksamens in April 1949, het Van Jaarsveld met vakansie gegaan. Hy het besoek gebring aan Italië, Switserland en Frankryk. Dit is afgesluit met sy aankoms in Brittanje, waar hy in Londen in die Public Records Office navorsing vir sy proefskrif gedoen het.

Die verruiming van sy geesteswêreld het in Brittanje baie sterk na vore gekom. Uit Londen skryf hy in Mei 1949 aan sy vrou:

> Ek het hier 'n <u>sosialis</u>[128] geword in Europa - maar die probleem is dat ek geen sosialis kan wees in S. Afrika nie, want my opvatting oor die Naturelle vraagstuk bots hiermee. Dis moeilik. Ek het 'n groot waardering vir die kommuniste en die Katolieke kerk ontwikkel, maar ek is geen Kommunis of Katoliek nie. Verder het ek <u>liberaal</u> geword, meer as ek ooit voorheen was.[129]

---

122. TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Dagboek "Europa" Inskrywing van 10 Februarie 1948, geskryf in die handskrif van mev. H. van Jaarsveld. Hierdie is waarskynlik 'n afskrif van 'n brief wat Van Jaarsveld aan prof. C.K. Oberholster geskryf het.
123. TA, A2055, (Aanwins prof. F.A. van Jaarsveld). Dagboek "Europa" Inskrywing van 10 Februarie 1948, geskryf in die handskrif van mev. H. van Jaarsveld. Hierdie is waarskynlik 'n afskrif van 'n brief wat Van Jaarsveld aan prof. C.K. Oberholster geskryf het.
124. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Ouers, Groningen, 23.1.1949.
125. GPM, FAvJ, 950410, p. 4. Mededeling mev. H. van Jaarsveld (69) Rodericksweg 476, Lynnwood, Pretoria, op 10 April 1995; TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1948), F.A. van Jaarsveld - Helet, Groningen, 21.11.1948.
126. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Groningen, 17.2.1949.
127. GPM, FAvJ, 950410, p. 20. Mededeling prof. Petrus Secundus Dreyer (74), Canopusstraat 278, Waterkloofrif, Pretoria, 14 April 1995.
128. (Sy onderstreping).
129. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Londen, 15.5.1949.

Hy het ook 'n nuwe houding teenoor die Britte ingeneem. Hulle was vir hom, die voormalige vuurvreter Afrikanernasionalis, straks meer aanvaarbaar, want:

> Ek hou meer van die Engelse as die Hollanders. As jy die Engelse tuis ontmoet, is hulle gawe mense, snaaks nê. Mens sal nooit sê dat hulle so 'n wilde politiek vroeër gevolg het nie. Snaaks watter bittere sentimente ons oorgehou het na die Engelse oorlog...[130]

Hulle trotse houding en gewilligheid om opofferings te maak in die moeilike jare ná afloop van Wêreldoorlog II het waardering afgedwing. Gevolglik het hy hulle kultuur- en beskawingsprestasies baie hoog aangeslaan. Hy het ook aan museums besoek gebring, maar belangriker nog, navorsing in die Public Records Office gedoen wat in sy proefskrif gebruik sou word.

**Amsterdam en Jan Romein**

Teen die helfte van 1949 het hy homself weer in Nederland, hierdie keer in Amsterdam, bevind. Amsterdam, die hawestad en setel van die Vrije Universiteit asook die Gemeentelike Universiteit, was 'n intellektueel stimulerende stad vir die nuuskierige en altyd aktiewe Van Jaarsveld. Hy het ure in kunsmuseums deurgebring en gedetailleerde studies van bepaalde kunswerke gemaak.[131] Op die akademiese terrein het hy met verskeie mense geskakel. Hy het besoek afgelê by die opvoedkundige, prof. J. Waterink, onder wie A.N. Pelzer 'n dekade vantevore gestudeer het.[132] Van Jaarsveld was ook gas aan die huis van die filosoof, H. Dooyeweerd, wat aan die Vrije Universiteit van Asterdam verbonde was.[133]

Amsterdam was egter ook die plek waar hy aan die invloed van Jan Romein blootgestel was. Die belangrikheid van hierdie historikus vir Van Jaarsveld was na alle waarskynlikheid onder meer gesetel in die feit dat hy 'n oudstudent was van J.H. Huizinga (1872-1945),[134] 'n historikus vir wie Van Jaarsveld hoë agting gehad het.[135] Van Jaarsveld het verskeie lesings van Romein bygewoon. Hy het onder meer op uitnodiging op 14 Oktober Romein se *colloquium* oor die historiografie en *teoretiese geskiedenis*[136] bygewoon.[137] Kort daarna is hy uitgenooi om 'n kandidate-college oor "de encyclopedie

---

130. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Londen, 22.5.1949.

131. GPM, FAvJ, 950413, p. 13. Mededeling Dr. Maria Johanna Hugo (78), 23e straat 35, Menlopark, Pretoria, op 13 April 1995.

132. F.J. du Toit Spies, "A.N. Pelzer, 1915-1981", *Historia* 30(1), 1985, p. 63; TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Amsterdam, 22.11.1949.

133. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Amsterdam, 22.11.1949.

134. M. Vale, "Johan Huizinga" in J. Cannon (red.), *The Blackwell dictionary of historians*, Oxford, 1988, pp. 199-200.

135. F.A. van Jaarsveld, *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*, Pretoria, 1980, p. 30.

136. Teoretiese geskiedenis kom neer op ' teoretisering oor die geskiedenis en kan juis op hierdie grondslae van praktiese geskiedsbeoefening onderskei word. Kyk W.J. van der Dussen, *Filosofie van de geschiedenis: Een inleiding*, Muiderberg, 1986, pp. 78-82.

137. TA, A2055, Korrespondensie Kollegas (1948-1950) J.M. Romein - F.A. van Jaarsveld, Amsterdam, 26.9.1949.

van de Geschiedenis", 'n belangrike komponent van Romein se benadering, by te woon.[138] Hy was meer as bewus daarvan dat Romein 'n Marxis was, "maar ek is seer dankbaar dat ek onder so 'n bekwame Marxis kon studeer!"[139]

Die feit dat hy nooit formeel in die filosofie geskool is nie, het Van Jaarsveld voortdurend op sy mede-Suid-Afrikaanse studente aangewese gemaak. In Groningen, onder Plessner, het hy skakeling met P.S. Dreyer gehad. In Amsterdam was sy studentemaat dr. Maria Hugo. As student in die geskiedenis, wat lank reeds onder die invloed van prof. C.H. Rautenbach 'n sterk aanvoeling vir die filosofie gekultiveer het, het dr. Hugo met haar Uniebeurs, vir prestasie in geskiedenisstudie, onder prof. Jan Romein in Amsterdam gaan studeer. Sy het reeds in Suid-Afrika Romein se werke begin lees.[140] Saam met Van Jaarsveld,[141] was sy een van die eerste van vele Suid-Afrikaanse studente om onder Romein te studeer. Sy was ook onder die eerste Suid-Afrikaners wat binne die raamwerk van die teoretiese geskiedenis na die Suid-Afrikaanse historiografie gekyk het.[142]

Beide Van Jaarsveld en Hugo sou binne enkele jare deur dr. T.S. van Rooyen daarvan beskuldig word dat hulle Marxiste onder Romein geword het.[143] Hierdie polemiek, wat in 'n mate herinner aan McCarthyisme wat in die Verenigde State van Amerika gedurende die vyftigerjare aan die orde van die dag was, sou bykans op 'n hofgeding uitloop.

Uit die persoonlike korrespondensie en geskrifte van Van Jaarsveld is daar min aanduidings dat hy onder Romein 'n Marxis geword het. Trouens, dit wil uit omstandigheidsgetuienis en persoonlike mededeling[144] voorkom asof die professionele akademikus Romein nouliks probeer het om sy ideologiese voorkeure op sy studente af te dwing. Veel eerder is gepoog om deur vriendskaplike akademiese skakeling nuwe rigtings in die geskiedenis te help ontdek. Romein en Van Jaarsveld het byvoorbeeld briewe gewissel waarin Van Jaarsveld meer uitgevra het oor Dilthey se onderskeid tussen die natuur- en sosiale wetenskap. Romein het hom aangemoedig om daarmee voort te gaan en terselfdertyd ook te let op die debat wat in daardie stadium in die Verenigde State van Amerika oor die sosiale wetenskap en die geskiedenis in die besonder aan die orde van die dag was.[145] In terme van wetenskaplike metodologie is dit wel moontlik dat Romein se aksent op die multi-dissiplinêre aard van geskiedenis[146] en die totaliteitsbenadering, 'n blywende indruk op Van Jaarsveld gemaak het.

Indien Van Jaarsveld, soos reeds hierbo aangedui is, (moontlik grappenderwys) sosialistiese neigings openbaar het, was dit reeds aanwesig voordat hy lesings by Romein

---

138. TA, A2055, Korrespondensie Kollegas (1948-1950). P.A.L. Oppenheimer - F.A. van Jaarsveld, Amsterdam, 17.10.1949.

139. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Amsterdam, 22.11.1949.

140. GPM, FAvJ, 950413, p. 10. Mededeling Dr. Maria Johanna Hugo (78), 23e straat 35, Menlopark, Pretoria, op 13 April 1995.

141. Prof. Van Jaarsveld het net lesings van Romein bygewoon. Dr. Hugo was 'n student wat aan eksaminering onderhewig was.

142. M. Hugo, "Die teoretiese geskiedenis en die Suid-Afrikaanse historiografie" in H.J. Pos, O. Noordenbos, B. Becker, J. Presser, H. Schutte Norholdt (reds.), *Weerklank op het werk van Jan Romein*, Amsterdam, 1953, pp. 64-68.

143. A. van Jaarsveld, "Dr. T.S. van Rooyen (1922-1967) en die historiese geleerdheid", *Historia* 30(1), Mei 1985, pp. 56-58.

144. GPM, FAvJ, 950413, p. 14. Mededeling Dr. Maria Johanna Hugo (78), 23e straat 35, Menlopark, Pretoria, op 13 April 1995.

145. TA, A2055, , Korrespondensie Kollegas 1948-1950 Kollegas. J.M. Romein - F.A. van Jaarsveld, Amsterdam, 16.1.1950.

146. Kyk onder meer J.M. Romein, bygestaan deur E.T. van Eck en F. de Jong, *Apparaat voor de studie der geschiedenis: Titels - toelichtingen - taken*, Groningen, 1949, pp. 4-5, 32-34, 56-69.

bygewoon het. Daar moet volstaan word dat hy, soos F.J. du Toit Spies by geleentheid opgemerk het, geen slaafse navolger van enigiemand was nie. Hy was 'n selfstandige denker en iemand wat wyd gelees het en oop was vir nuwe rigtings in sy vakgebied.[147] Dat Romein op sy beurt waardering vir Van Jaarsveld gehad het, word bewys deur die feit dat hy Van Jaarsveld gevra het om die bedanking te doen toe die historikus Arnold Toynbee by geleentheid in Amsterdam 'n voordrag gelewer het.[148] 'n Goeie akademiese vriendskap het ontwikkel. Dit was dan gevolglik 'n mooi gebaar toe Romein Van Jaarsveld in September 1950 per telegram geluk gewens het met die afhandeling van sy doktorale studies.[149]

Die studie het gehandel oor *Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, I: Pioniershartstogte, 1836-1864.*[150] Dit was nie op dieselfde hoë vlak as sy studie oor die veldkornet gewaardeer nie, maar het in 'n groot mate verkennend veral die terrein van die geestesgeskiedenis ondersoek. In latere studies, soos byvoorbeeld oor die Afrikaanse nasionale bewussyn en die grense tussen die ZAR en die Oranje-Vrystaat, sou dieselfde benadering toegepas word. Dit is in die reël ietwat lomp en soms onsamehangend. Tog verteenwoordig dit navorsing op 'n terrein waarop daar tot hede, waarskynlik as gevolg van die moeilikheidsgraad of gebrek aan belangstelling, selde ingegaan is.

Voordat die 28-jarige dr. F.A. van Jaarsveld na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy eers as gasdosent die universiteite van Bonn, Frankfurt en Erlangen besoek.[151] Hy sou van Oktober 1950 tot die einde van 1957 in verskeie onderwysposte, asook een aflospos by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat staan, voordat hy ná agt jaar van ongeduld in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel is.

**Die "ongeduldige" historikus**

Ter begrensing van die konsep van die ideëgeskiedenis het Foucault, na wie reeds hierbo verwys is, aangevoer dat dit nodig is om van "argeologiese analise" gebruik te maak. Hierdie benaderingswyse het, volgens hom, ten doel om 'n diskoers in eie reg, sonder allegorie na te streef. Daar word ook gepoog om die stelreëls, onderliggend aan die diskoers gelyk te stel. Argeologiese analise definieer tipes reëls vir diskursiewe praktyke, en laastens is die doel nie om dit wat gedink, gewens en ervaar is, te herstel nie. Daar word met ander woorde nie herhaal om na 'n identiteit te soek nie, maar eerder gesoek na 'n uiterlikheid wat aan die gereguleerde transformasie gestalte gee.[152]

In die diskoers, sonder chronologiese begrensing, kan 'n ander dimensie in die intellektuele vorming van F.A. van Jaarsveld in die Europese tydvak (1948-1950) bespeur word. Die element van ongeduld is daarin opgesluit. Die ongeduldige verkenner het met sy aankoms in Rotterdam, waar die skip enkele dae in Januarie 1948 voor anker was voordat hulle finaal ontskeep het, homself uitgeput deur die stad plat te stap van een

---

147. F.J. du Toit Spies, "F.A. van Jaarsveld se studies oor die Suid-Afrikaanse historiografie", *Historia* 27(1), Mei 1982, p. 68.
148. GPM, FAvJ, 950413, p. 11. Mededeling Dr. Maria Johanna Hugo (78), 23e straat 35, Menlopark, Pretoria, op 13 April 1995.
149. TA, A2055, Korrespondensie kollegas (1948-1950). J.M. Romein - F.A. van Jaarsveld, Amsterdam, 20.9.1950.
150. Impala opvoedkundige diens, Johannesburg, 1950.
151. ANON. (Na alle waarskynlikheid D.H. Heydenrych), "Lewensloop en akademiese loopbaan van F.A. van Jaarsveld", *Historia* 27(1), Mei 1982, p. 4.
152. M. Foucault, *The archaeology of knowledge*, pp. 138-140.

museum na die volgende historiese besienswaardigheid om die Europese kultuurmilieu te peil en te interpreteer.[153]

Daar is ook die diskoers van F.A. van Jaarsveld, die Afrikanerhistorikus, wat uitgelate van vreugde was nadat hy verneem het dat die Nasionale Party die verkiesing van 1948 gewen het. Hy het selfs 'n plakkaat met die woorde:

*De nieuwe Zuid-Afrikaanse Republiek*

aan die voordeur van die losieshuis waar hy en sy vrou tuisgegaan het, vasgeplak.[154] Aan sy ouers het hy geskryf:

> Ek het my blydskap uitbasuin na die ander studente hier, dat dit geklink het of die aarde vergaan van blydskap.[155]

Dit was vir hom onverstaanbaar dat die Hollanders in hierdie tyd baie krities oor die Afrikaners was as gevolg van die rassepolitiek wat die nuwe regering voorgestaan het. Hy kon die vyandigheid van die taal- en kultuurverwante van die Boere in Europa nie verstaan nie.[156]

Dit was ook dieselfde F.A. van Jaarsveld wat 'n mede historikus, J. Ploeger, veroordeel het omdat hy in 'n Nederlandse publikasie 'n beeld van Suid-Afrika ná die verkiesing van 1948 geskets het. Ploeger was verplig om baie noukeurig sy standpunte uiteen te sit oor, ondanks die feit dat hy, as historikus, op 'n objektiewe standpuntinname oor onder meer die Ossewabrandwag, geregtig was.[157] Daar is ook die diskoers van 'n F.A. van Jaarsveld wat 'n hele nag deur met 'n Nigeriese student in Nederland oor die rassepolitiek van Suid-Afrika gepraat het. Hy was 'n student wat voortdurend met mense wou kommunikeer en gesels, was dit nie oor sy vak nie, dan wel oor sy land.[158] Daar is ook die F.A. van Jaarsveld wat in die nuwe regering bepaalde tekortkominge gesien het.[159] Dan was hy die historiese interpreteerder wat nie geskroom het om te kritiseer nie. Die driftigheid, die snelle reaksie en die apologetiese houding oor oorhaastige optredes, het dan in chronologiese reëlmaat op mekaar gevolg. Miskien was dit die resultaat van denkformasies wat lank tevore neergelê is en deur Karl Mannheim, 'n skrywer wat Van Jaarsveld ook gelees het,[160] wat kon verklaar:

> Those whose vision is sharpened by history and sociology perceive that the

---

153. GPM, FAvJ, 950410, p. 20. Mededeling prof. Petrus Secundus Dreyer (74), Canopusstraat 278, Waterkloofrif, Pretoria, 14 April 1995.
.54. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks A, 8 Oktober 1981, p. 25.
155. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1948), F.A. van Jaarsveld - Ouers, Groningen, 29.5.1948.
156. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1948), F.A. van Jaarsveld - Ouers, Groningen, 12.6.1948.
TA, A2055, Korrespondensie kollegas (Kollegas 1948-1950) J. Ploeger - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 23.6.1948; J. Ploeger - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 13.7.1948; Kyk ook in dieselfde lêer A.N. Pelzer - F.A. van Jaarsveld, Pretoria, 31.5.1948.
158. GPM, FAvJ, 950413, p. 11. Mededeling Dr. Maria Johanna Hugo (78), 23e straat 35, Menlopark, Pretoria, op 13 April 1995.
.59. G.D. Scholtz het byvoorbeeld op van sy kommentaar gereageer. Kyk TA, A2055, Korrerspondensie Vriende 1940-1952 (Vriende 1948). G.D. Scholtz - F.A. van Jaarsveld, 7.9.1948.
160. F.A. van Jaarsveld, *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie* p. 64.

patterns of character integration are subject to a continual process of remaking, influenced by various trends of development and by competing tendencies in a differentiated society. We cannot create personality patterns at will...[161]

F.A. van Jaarsveld was 'n ongeduldige mens. In Nederland was hy verstoke van 'n argiefbewaarplek wat hom van die nodige dokumentêre materiaal kon voorsien om sy navorsing te doen. Argiefnavorsing is egter ook 'n baie tydrowende proses. Dit het hom ongelukkig gestem en hy het te kenne gegee dat hy verkies het om eerder op sekondêre bronne te konsentreer. Dit het 'n G.D. Scholtz gekos om hom te berispe. Op eg vaderlike wyse is die jong F.A. meegedeel:

Jy sal my baie teleur gaan stel, indien jy na jou terugkeer in Suid-Afrika net soos die ander manne maak en nooit weer in 'n argief gaan werk nie.[162]

Van Jaarsveld het duidelik positief op die advies van Scholtz gereageer, want in die loop van die volgende dekade sou baie van sy werk op materiaal in die Suid-Afrikaanse argiefbewaarplekke gebaseer wees.

Die sekondêre bron sou egter toenemend belangriker word, soos veral vanaf die sestigerjare met sy historiografiese studies die geval was. Daar kan aanvaar word dat die isolasie - ver weg van die bronne - in Nederland die grondslag vir 'n sekondêre bronneverkenning gelê het, wat hom lewenslank sou bybly. In hierdie verband het die biblioteek van die Nederland-Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) in Amsterdam 'n belangrike rol gespeel.[163] Vir die ongeduldige navorser Van Jaarsveld was die lewensaar van inligting vir sy studies en skryfwerk gesetel in sekondêre werke en hy het hom daarop toegespits om 'n historiografiese verkenningstog te maak wat min Afrikaanse historici beskore was.

Sy doktorale studie is ook deur die tydsfaktor beïnvloed. Voortdurend is daar met 'n groot mate van ongeduld van die familie se kant navraag gedoen oor wanneer hy nou eintlik met die studies klaar sou maak. Hy was daarvan oortuig dat dit belangrik was om die studie oorsee af te handel. Hy sou in 'n meer mededingende posisie as akademikus kon verkeer.[164] Tog het hy ook probeer om vinniger te werk. Die verlange na sy vrou was baie groot. Hy het sy proefskrif verkort om vroeër na Suid-Afrika terug te keer. Waar hy aanvanklik 'n omvangryke studie met ten minste twee oorkoepelende afdelings in die vooruitsig gestel het,[165] is dit aansienlik afgeskaal.[166] Later sou hy hom ten doel stel om die werk meer breedvoerig te behandel.

---

161. K. Mannheim, *Freedom, power and democratic planning*, New York, 1950, p. 229.
162. TA, A2055, Korrespondensie Vriende 1940-1952. (Vriende 1948), G.D. Scholtz - F.A. van Jaarsveld, Johannesburg, 7.9.1948.
163. TA, A2055, Outobiografiese skets: "Kort Lewensloop F.A. van Jaarsveld" Teks B, 18 Oktober 1981, p.15.
164. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Hele, Amsterdam, 21.5.1949.
166. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Amsterdam, 21.9.1949
166. TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, Amsterdam, 29.9.1949.

## Ten slotte

Die eerste fase in die intellektuele vormingsproses van F.A. van Jaarsveld, die historikus, is teen die einde van 1950 afgerond. Hy sou vir die volgende halfeeu 'n stempel op die Afrikaanstalige geskiedskrywing in Suid-Afrika afdruk wat nouliks uitgewis kan word. Hy het reeds in Nederland 'n vergesig gehad van wat vir hom in die toekoms voorgelê het. Reeds in Oktober 1949 skryf hy aan sy vrou:

> Ek het sulke hoë ideale gestel en is so entoesiasties om in S.-Afrika 'n nuwe rigting in ons wetenskaplike geskiedsbeoefening te bring. My studie hier was nie tevergeefs nie en ... as ek terug is, sal ons die vrugte daarvan pluk.[167]

Ook hierdie ideaal sou deel uitmaak van 'n historiese diskoers wat nie met rose besaai is nie. Frustrasie, miskenning, harde werk en 'n voortstuwende en verswelgende behoefte om te skryf, het vir hom voorgelê. Hy het bepaalde voordele bo ander historici gehad. Hy was jonk en het vanuit 'n eksterne milieu 'n "argeologie van kennis" saamgestel wat hom in staat gestel het om met ander oë 'n diskoers te voer. Hy het dit as volg verantwoord:

> Die mens kan slegs die nie-vertroude werklik waarneem. Daarom moet die historikus, soos die reisiger wat sy land tydelik verlaat en dan met 'ander oë' sien, afstand neem van sy vertroude materiaal, sy troetelgedagtes en wensdrome, d.w.s. sy materiaal belewenis 'teenoor' of 'buite' hom stel om sodoende die reeds lank vertroude - soos die Tweede Vryheidsoorlog - in 'n droom 'vervreemdende' oog te kry; dus 'n 'vervreemdende' omweg gaan om van die bekende deur die 'onbekende' heen, tot 'n nuwe ontmoeting met die vertroude te kom. Daardeur word dit moontlik om die 'vertroude' te verstaan, maar om dit tegelyk as 'vreemde' te *aanskou*. Sonder die vertroudheid met die stof is geen 'verstaan' daarvan moontlik nie en sonder om die 'vertroude' as 'vreemd' teenoor of 'buite' die historikus te stel, is geen aanskouing moontlik nie.[168]

In hierdie uiting, met die spreekwoordelike akademiese swaard in die hand, is sekere eksistensialistiese diskoerse aanwesig wat op 'n gelykluidende wyse deur Albert Camus (1913-1960) in die konteks van die "buitestander" verwoord is.[169] Daar is ook aanduidings van 'n intellektuele diskoers wat begin posvat het, soortgelyk aan dié van die sg. "kwaai jong manne/angry young men" in Brittanje, soos John Osborn, Norman Mailer, Kingsley Amis, Colin Wilson en John Wain, gedurende dieselfde tydsgewrig 'n ou orde teengestaan het.[170] By Van Jaarsveld het dit moontlik gegaan om die ontdekking van 'n *niche*. Miskien was dit die soeke na 'n intellektuele tuiste waar hy kon werk, vry van onderdrukte wantroue aan die kant van ander. Belangriker nog is die feit dat dit moontlik die uitinge van 'n mens wat net die bevrydende ideaal nagestreef het om historikus te wees.

---

TA, A2055, Korrespondensie Familie 1947-1949. (Familie 1949), F.A. van Jaarsveld - Helet, 21.10.1949.

168. F.A. van Jaarsveld, "Geskiedenis en politiek", *Standpunte* 8(2), Desember 1953, pp. 74-75.

169. *L' Etranger* (The outsider), Parys, 1942. Die werk is ook in Engels vertaal; J.R. Wegs, *Europe since 1945*, Derde uitgawe, New York, c. 1993, pp. 317, 320.

170. C. Gillie, *Longman companion to English literature*, Londen, 1972, pp. 266, 683-684; A-L, Norton, *The Hutchinson dictionary of ideas*, Bath, 1994 p. 20; J.R. Wegs, *Europe since 1945*, Derde uitgawe, pp. 321-322.